Voorspoedige 2010!

Ons wens julle almal alles van die beste toe vir die splinternuwe jaar en mag al jul drome bewaarheid word en seën op jul afreën!

Ek en Lourie het aan die begin van Desember afgery SA toe vir 'n onderhoud met Operasie Mobilisasie (OM), een van die grootste sendingsorganisasies ter wêreld. Soos julle weet, is ons maar op ons eie aangewese hier en sou iets gebeur, sal dit lekker wees om te weet dat iemand ons kan opvolg. Na afloop van ons opleiding sal OM ook samesprekings met die Chief en die plaaslike kerk hê om bande te bevestig.

Die Kanadese Kerk onttrek volgende jaar wanneer die 5 jaar termyn wat hulle hulself tot die projek verbind het tot 'n einde kom. Ons wil graag meer permanente strukture vestig sodat die werk wat hier begin is sal kan voortgaan.

Projekte en persoonlik

Hier by ons het die nuwe jaar vinnig begin. Ek en Lourie het net na Nuwejaar teruggekeer van ons besoek aan SA na 'n baie droeë Zambië.

Daar het geen reën vir byna 4 weke geval nie en, om alles te kroon, het die weerlig weereens die hooflyn getref en selfs die beskermingsmeganismes wat in plek was vir hierdie tipe van gebeurlikheid, uitgebrand. Nodeloos om te sê die boorgatpomp is toe ook getref en Kanjanji was sonder water gelaat vir die hele warm Desember! Die mielies was dus amper 'n maand sonder water in hierdie verswelgende hitte en dit gaan natuurlik 'n swak oes tot gevolg hê. Die ergste is dat die plaaslike gemeenskap uit die aard van die saak ook geen oes gaan hê nie en dit beteken dat daar vroeër as gewoonlik hongersnood gaan wees.

Ons besef net elke dag al meer hoe geseënd elkeen van ons is as ons by 'n supermark kan instap en byna

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 40 – 15 January 2010

Lourie in our front garden

Lido (student-nurse) and Ellen (grade 10) going back to school

Happy new year!

We here at Kanjanji would like to wish you a very happy and prosperous 2010. May you be blessed and may all your dreams come true!

Lourie and I travelled to South Africa at the beginning of December for a meeting with Operation Mobilization (OM), one of the largest mission organisations in the world. As you probably know, we do not have any back-up here in Zambia and if anything happens, there will be nobody to take over. OM will confer with all the parties involved, like the local church and the Chief and also work closely with the community.

The Canadian church's 5 year term of involvement to which they committed themselves comes to an end next year and we therefore would like to get more permanent structures in place for the orphanage.

Projects and personal

The new year started off at a very hectic pace. When we arrived back from our trip to South Africa, we were met by severe drought after no rain was recorded for almost 4 weeks.

To top it all, lightning had struck again and the borehole pump had been destroyed in the event, despite all the lightning arresters that were installed. Kanjanji was left without water for the whole of December and with no rain around you can just imagine what the maize harvest is going to be like. What is even more heartbreaking is the fact that the crops planted by the local community would also have been affected by the drought and food shortages are going to be a problem much earlier.

We now realise and appreciate so much more how blessed you are if you have the ways and means to walk into a supermarket and buy even just the basic necessities.

Fortunately, we still have a good supply of maize from the

enigiets kan koop.

Ons het gelukkig nog ‘n goeie voorraad mielies van die vorige jaar se oes so ons sal darem kan help waar die honger die oorhand kry.

Hier regs is Lourie met die termiete wat hy en die kinders vang en braai vir ‘n happie (darem net vir die snaaksigheid daarvan). Die honde en kinders is ewe lief daarvoor. Dit is ‘n baie goeie bron van proteien en vet. Nee! ...moenie eers vra nie, ek eet NIE insekte nie!

Goeie nuus is dat klein Godwin mooi gewig opgetel het en weeg nou al 5kg! Onthou hy is die enetjie wat wees gelaat is toe sy ma deur weerlig doodgeslaan is. Hy is nou 5 weke oud en lyk gesond en gelukkig. Ons probeer nou ouers vind wat bereid is om na hom om te sien, maar dit blyk ‘n moeilike taak te wees.

Gebedsversoeke

- Bid asseblief saam vir die Operasie Mobilisasie – dit is mense wat hul lewens wy aan werk van die Here.
- Bid asseblief vir ons gesondheid en verhoudinge.
- Bid ook asseblief vir al die wesies wat nou weer moet terug skooltoe. Met julle hulp word daar sover 85 weeskinders gehelp en ondersteun.

Onthou om na nuwe foto’s op die webwerf te gaan kyk.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

www.kanjanji.com

Lourie frying termites

Little Godwin now weighs 5kg

previous harvest so we should be able to assist where hunger gets the upper hand.

On the left Lourie is collecting some termites which are fried in butter for a very nutritious (high in protein and fat) snack – just for the fun of it, I have to add. No..., do not even ask! I would not put my mouth to it!

Good news is that little Godwin has gained weight and now weighs 5kg. He looks happy and healthy although we are still trying to find some surrogate parents for him. He was orphaned when his mother was killed by lightning a month or two ago.

Prayer requests

- Please pray for everyone at OM. These people dedicate their lives to serving the Lord.
- Please pray for our health and relationships.
- Please also pray for all the orphans who are now going back to school. With your support we are currently able to help 85 orphans to attend school.

Remember to check out new photos on the website.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

www.kanjanji.com

Kanjanji Children’s Village
His heart, His hands, His little children